23 Februarie 2024

'N GEDAGTE UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

Mag ons in die wete leef dat elke uitdaging 'n tree nader aan groei is.

Laat hoop ons lewe verlig en liefde ons verbind, want saam skep ons 'n omgewing waarin elke wennerhart kan floreer en elke droom verwesenlik kan word.

Rugby

Baie geluk aan ons eerstespan wat deelgeneem het aan Hoërskool Secunda se rugbyfees. Ons spog met uitstekende uitslae:

Verloor teen L/S Kruinpark	14-10
Wen teen Curro	28 – 0
Verloor teen Goedehoop	15 – 5

Baie dankie vir elke ouer wat ons kom ondersteun het.

Baie sterkte aan ons o.9 en o.10 spanne wat hierdie naweek gaan deelneem in Standerton.

Sterkte aan die o.11 en eerstespan wat aan 'n 7's toernooi gaan deelneem op Vrydag, 1 Maart, te Trichardt.

Redenaars

Op Donderdag 29 Februarie skop die jaar se redenaars af.

Die interne kompetisie is ons sifting vir ATKV en die Hoëveldgroep kompetisie.

Baie sterkte aan elke leerder wat gaan deelneem!

Trompoppie proewe (gr. 1 – 7)

Proewe vind plaas op Maandag 26 Februarie om 13:30 – 14:00. Slegs meiseis wat reeds hul skeurstrokies ingegee het, mag deelneem.

Baie sterkte aan ons meisies wat gaan deelneem.

Mini-netbal nuus:

Baie dankie aan juffrou Natasha Malan en juffrou Kyra van der Merwe wat vir ons die Mini-netbalkliniek aangebied het. Ons dogters het baie geleer, en dit baie geniet! Hou asseblief die volgende dtum oop: o.9 dogters netbalproewe

Datum: Dinsdag, 12 Maart

Tyd: 13:45 tot ons klaar is

Waar: netbalbane

Onthou asseblief 'n hoed, sonskerm, water en tekkies.

Eisteddfod program

Graag gee ons die datums van die Eisteddfod aan u deur:

15/07 – 18/07	Afrikaans en English Creative writing / Kreatiewe skryfkuns	L/S Kruinpark
29/07 – 01/08	Dans	L/S Trichardt
05/08 – 16/08	Afrikaans Spraak en Drama (laerskool)	L/S Secunda
19/08 – 30/08	English Speech and Drama (laerskole)	L/S Oranjegloed
02/09 – 06/09	Vokaal	L/S Trichardt
09/09 – 13/09	Instrumentaal	L/S Goedehoop
13/09 – 19/09	Beedldende kunste	L/S Kruinpark
Oktober maand	Prestige aand	Makorro, Lake Umuzi

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSc0-6SqNItoASaOF-19uTU-0I4aByvMYVLPU-HI6GuXVbNi6Q/viewform

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF